Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V2

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HUWELIK EN EGSKEIDING**

MaMkhize, soos wat sy liefdevol aan haar miljoene sosialemedia-volgelinge bekend is, en manlief, Mpisane, het in 2018 hoofopskrifte gehaal en die koerante se slagoffers geword nadat dit op die lappe gekom het dat die twee deur 'n egskeiding gaan.

'Ek het eerlikwaar geglo ons het 'n wonderlike huwelik ten spyte van onstuimigheid af en toe. Toe ons in 2011 ons epiese 10$^{de}$ huweliksherdenking gevier het, het ek steeds geglo dat ek vol vreugde in my huwelik was. Dit is die rede waarom dit my 25 jaar geneem het om te besef dat daar net een weldoener en een begunstigde in hierdie denkbeeldige romanse was. Hy was die een wat met al die liefde na hartelus oorlaai is.'

Die Durbanse sake- en IT-egpaar se huwelik is op daardie tydstip deur bewerings van Mpisane se ontrouheid geteister.

[Aangepas uit *Sunday World*, 11 September 2022]

1.1 Noem en bespreek SES oorsake van egskeiding in die huwelik. (12)

1.2 Verduidelik kortliks waarom egskeiding 'n groot bekommernis in die samelewing is. (14)

1.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die relevante leringe/leerbeginsels daarvan oor die huwelik en egskeiding. (12)

1.4 Bespreek praktiese strategieë wat godsdienstige gemeenskappe kan gebruik om die probleem van egskeiding te oorkom. (12)
**[50]**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdienstige leringe kan in die vorm van geskrewe of mondelinge tekste wees, en dit is die breedste kategorie wat gebruik word om te beskryf wat volgelinge van 'n godsdiens glo.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

2.1 Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Die verwantskap tussen die gemeenskap en die individu (10)

2.1.2 Die aard van die wêreld soos dit in die godsdiens se sentrale leringe verduidelik word (10)

2.2 Vergelyk die rol van heilige tekste in Abrahamitiese en nie-Abrahamitiese godsdienste. (12)

2.3 Wat is die rol van inspirasie in Afrika Tradisionele Godsdiens? (10)

2.4 Noem en bespreek enige TWEE hermeneutiese beginsels met betrekking tot die interpretasie van heilige tekste. (8)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **ORGANISASIES WAT INTERGODSDIENSTIGE DIALOOG BEVORDER**
>
> Die eerste Parlement van die Wêreld se Godsdienste is in 1893 in Chicago in die Verenigde State gehou, met die doel om 'n wêreldwye dialoog van gelowe te skep. Sedert daardie gebeurtenis was daar verskeie verdere Parlemente.
>
> Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika – Godsdienste vir Vrede (RGLA-GvV) is ook in 2002 gestig en is die grootste en mees verteenwoordigende multigodsdienstige platform in Afrika.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*]

3.1.1 Verduidelik hoe die Wêreldparlement van Godsdienste daarin geslaag het om intergodsdienstige dialoog te bevorder om wêreldwye maatskaplike uitdagings te beveg. (12)

3.1.2 Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika – Godsdienste vir Vrede (RGLA-GvV) is een van die organisasies wat intergodsdienstige dialoog in Afrika bevorder, met die doel om godsdienskonflik te vermy. Noem die hoofbeginsels van hierdie organisasie. (10)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> In die meeste godsdienste kan die interpretasie van geloof van een denkwyse na die volgende verskil. Soms is hierdie verskille groot en het al selfs tot godsdiensoorloë gelei; soms is hulle gering.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

3.2.1 Noem TWEE vertakkings wat in enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bestaan. (4)

3.2.2 Bespreek die interne verskille van die vertakkings wat jy in VRAAG 3.2.1 hierbo genoem het, onder die volgende opskrifte:

(a) Leringe (12)

(b) Bestuur/Beheer (12)
**[50]**

## VRAAG 4

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Daar is baie mense wat deesdae 'n sekulêre wêreldbeskouing het. Met ander woorde, hulle het nie 'n bepaalde godsdienstige geloof of behoort aan 'n godsdienstige gemeenskap nie. |
| [Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*] |

4.1 Bespreek die historiese oorsprong van Westerse sekulêre denke. (12)

4.2 Noem EEN sekulêre wêreldbeskouing en bespreek die leerstellings daarvan. (12)

4.3 Brei uit oor die positiewe bydraes wat sekularisme tot godsdienste gemaak het. (14)

4.4 Hoe het sekularisme godsdiensvryheid in demokratiese Suid-Afrika, dit wil sê ná 1994, beïnvloed? (12)
**[50]**

## VRAAG 5

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Die probleme tussen godsdiens en wetenskap het eers in die afgelope vier eeue na vore gekom. |
| [Bron: *Religion Studies, Grade 12, Steyn et al.*] |

5.1 Verduidelik Charles Darwin se evolusieleer. (12)

5.2 Uit elke groep godsdienste hieronder, evalueer krities die reaksie van EEN godsdiens op Darwin se evolusieteorie:

5.2.1 Abrahamitiese godsdienste (Judaïsme, Christendom of Islam) (12)

5.2.2 Oosterse godsdienste (Hindoeïsme of Boeddhisme) (12)

5.3 Bespreek die verwantskap tussen die Oerknalteorie en Taoïsme se leringe oor die skepping. (14)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou